HOËRSKOOL CENTURION
WOERIE-KAMPUS

TELEFOON: (012) 664 5803 | FAKS: (012) 664 7969 | WWW.HSCENTURION.CO.ZA | INFO@HSCENTURION.CO.ZA
ADRES: SELBORNELAAN 118, LYTTELTON, CENTURION | POSADRES: POSBUS 14054, LYTTELTON, 0140

Omsendbrief 61/23 30 Oktober 2023

Geagte Ouers

GOEDKEURING VAN 2024-BEGROTING EN AANVANGSHEFFING VAN LEERDERS VIR DIE JAAR 2024

Die begroting vir 2024 is op 26 Oktober 2023 by die Algemene Jaarvergadering goedgekeur.
Die volgende is goedgekeur en van belang vir die betaling van skoolgelde:

1. Skoolgelde beloop voortaan R43 212 per leerder vir 2024.

2. ‘n Aanvangsbetaling van R1 500 per leerder sal voor 30 November 2023 betaalbaar wees (ingesluit by die bedrag van R43 212).

3. Ouers/Voogde wat skoolgeld voor 31 Desember 2023 ten volle vereffen, is op 5%-korting geregtig.

4. Ouers/Voogde wat skoolgeld voor 31 Januarie 2024 ten volle vereffen, is op 2,5%-korting geregtig.

5. Indien ouers reeds kwalifiseer vir beurse/vermindering van skoolgeld, sal punt 3 en 4 nie op u van toepassing wees nie.

6. Skoolgelde is maandeliks vooruitbetaalbaar vanaf Januarie tot November in 11 gelyke paaiemente van R3792 per maand. (Skoolgeld R43 212 minus R1500 aanvangsbetaling.)

7. Alle gelde wat inbetaal word, word eers aangewend teen agterstallige skoolgelde, dus sal geen leerder aan enige ander aktiwiteite/toere kan deelneem indien die skoolfonds nie op datum betaal is nie.

8. Die skool verkies dat die betaling van skoolgelde per debietorder geskied. Ander betalingsmetodes wat aanvaar word, is elektroniese betalings, debiet- of kredietkaartbetalings. **(Debietordervorm)**

9. Kragtens Artikel 40 en 41 van die Skolewet, mag die skool die betaling van hierdie verpligte skoolgelde afdwing.

HOËRSKOOL
CENTURION
WOERIE-KAMPUS

TELEFOON: (012) 664 5803 | FAKS: (012) 664 7969 | WWW.HSCENTURION.CO.ZA | INFO@HSCENTURION.CO.ZA
ADRES: SELBORNELAAN 118, LYTTELTON, CENTURION | POSADRES: POSBUS 14054, LYTTELTON, 0140

10. U moet asseblief u VERWYSINGSNR./REK.NR. gebruik, sodat ons u betaling reg kan allokeer. Die verwysingsnr./rek.nr. en bankbesonderhede is regs bo op die rekeningstaat.

11. Vrystellingsvorms is vanaf November 2023 per afspraak by me. N. Esterhuysen beskikbaar. Geen vorms sal elektronies uitgestuur of ontvang word nie.

12. Die oorspronklike, volledig voltooide aansoekvorms, asook alle stawende dokumentasie, moet teen 28 Februarie 2024 by me. N. Esterhuysen ingehandig word. Alle aansoeke wat na hierdie datum ingedien word, sal slegs vir pro rata-korting bereken word.

Ons wil graag elke ouer en beheerliggaamslid wat die vergadering bygewoon het, bedank vir die tyd wat u in belang van die skool opgeoffer het. Terselfdertyd wil ons nou reeds ‘n beroep op alle ouers doen om voortaan meer betrokke by die skool te raak en selfs u insette rakende die bestuur van ons begroting tydens ons jaarvergaderings te lewer.

Ons vra dat ouers met kundigheid op sekere gebiede asseblief ons hande sal sterk om die skool te laat groei. Onderwysers, ouers en die gemeenskap moet saam staan om die beste, gebalanseerde onderrig en opvoeding vir ons leerders te verseker.

Vriendelike groete.

MNR. A. LABUSCHAGNE
WAARNEMENDE HOOF

ME. M. PRINSLOO
TESOURIER

HOËRSKOOL CENTURION
WOERIE-KAMPUS

TELEFOON: (012) 664 5803 | FAKS: (012) 664 7969 | WWW.HSCENTURION.CO.ZA | INFO@HSCENTURION.CO.ZA
ADRES: SELBORNELAAN 118, LYTTELTON, CENTURION | POSADRES: POSBUS 14054, LYTTELTON, 0140